Module 8-hersiening
Bemarking

1.1 Die volgende is almal onder-die-lyn promosietegnieke, met die UITSONDERING van?
A Persoonlike verkope
B Advertensies
C Borgskappe
D Verkoopsbevordering (1)

1.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.
Televisie-advertensies is die duurste vorm van promosie. (1)

1.3 Kies die woord of term uit die lys hieronder wat KORREK pas by die beskrywings wat volg. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK neer.

Digitale uitstallings	Selfoonadvertensies
Banieradvertensies	Oudio-visuele
Videomure	aanbiedings

1.3.1 Mobiele telefoonboodskappe en advertensies
1.3.2 Verskillende monitors of TV's om een groot skerm te vorm
1.3.3 Materiaal wat klank en prente soos video's gebruik
1.3.4 'n Advertensie wat as 'n blok aan die bokant of sykant van 'n webbladsy geplaas word
1.3.5 'n Uitstalling wat inligting in die vorm van getalle of letters elektronies gee (1 x 5)

1.4 Noem die twee breë soorte promosietegnieke. Gee 'n voorbeeld van elkeen. (4) [11]

2 Wat is die voordele van die volgende?

2.1 Radio-advertensies (3)

2.2 Plakkate (3)

2.3 Selfone (3) [9]

Totale punte = 20 punte

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.